# QUO VADIS, OPVOEDER?

Waar die Indiese Minister van Onderwys, K. L. Shrimali, die jongste kongres van die „New Education Fellowship" in Delhi toegespreek het, het hy etlike punte van kritiek kwytgeraak wat, afkomstig uit daardie bron, nogal belangrik is. Hy wys o.a. daarop dat as slegs die belangstellings van kinders as basis vir hulle onderwys moet dien, dan kan die „progressiewe onderwys" slegs met sekerheid staat maak op twee produkte, „complaints and cripples". Daarom is die skool daar om waardevolle en sluimerende belangstellings te prikkel. Ons sou kon voortbou daarop en sê dat die kind nie net moet doen waarin hy belang stel nie maar dat hy moet geleer word om belang te stel in wat hy moet doen. Hy sluit sy betoog egter af met hierdie veelseggende paragraaf:

"In the conception of education, the teacher has a responsibility not only to impart the most accurate and the most comprehensive knowledge to children but also to cultivate in them loyalty to ideals. While his professional integrity demands that he take an objective view of things, this need not necessarily lead him to a position of neutrality. He should certainly examine the controversial social issues from different points of view but he need not shirk the responsibility of stating his own point of view. If this is considered as bias or prejudice, it is much better for the teacher to take the risk of being considered prejudiced than to evade the issue entirely by making a pretence of neutrality. The teacher as a representative of the moral aims of the community must realise that his position in society is not merely that of a thinker but is similar to that of a religious leader or a statesman who strives continually for the realisation of those moral ideals and social purpose which enrich the life of the individual and at the same time advance the cause of the good society (New Era, XLI, 4, Apr. '60, 77).

Mens lees van geen stem wat daar op die kongres opgegaan het hierteen nie en ook nie in die opvoedkundige pers nie, ook nie in Suid-Afrika nie. Is dit dan nie presies wat ons vir ons self met C.N.O. eis en aan elke ander een gun nie? Is dit nie presies wat elke regdenkende ouer vir die opvoeding van sy kind eis nie, ook al staan hy nie die Christelike beginsels voor nie? Die onderwyser, wat in die plek van die ouer staan, moet dus daardie beginsels wat vir die ouer waardevol is, kan indoktrineer in die kind. Dit is verder tog nie moontlik vir die Christenonder-

wyser om sogenaamd neutrale onderrig te gee nie, selfs nie wanneer die skool 'n staatskool is nie. En as die onderwyser in hierdie opsig flou en onbesiel is, sal hy in die Christelike skool hiervan ook 'n mislukking maak. Alles distilleer maar weer af na die onderwyser: dit gaan om die lewering van onderwysers wat met reg in die plek van die ouer kan staan.

Hoe word hierdie onderwysers gelewer? Verskeie instellings dra daartoe by, nl. die huis, die kerk, die skool en die opleidingsinrigting. As daar nou een plek is waar die aksie geloods kan word en wat 'n redelike korttermyndiwidend kan afwerp, dan is dit die opleidingsinrigting. As die huis en die kerk so verkeerd is dat die produkte wat hulle lewer tog ongeskik sal wees ondanks goeie Christelike onderwysersopleiding, dan is die saak waarvoor ons staan reeds reddeloos verlore, ten minste vir die nabye toekoms. So donker is die prentjie egter beslis nie. Ons jeug is nog so kerngesond dat ons uit hulle genoeg Christelike onderwysers kan trek. As die opleiding dan reg is, kan ons ook verwag om te slaag met 'n staatsondersteunde ouerskool. Ons wil dus onderwysers hê wat Christelik goed onderlê is en wat opgelei is om te besef dat hulle daardie hoë verantwoordelikheid het om die Christelike beginsels oor te dra op hulle leerlinge. Hulle moet weet dat hierdie taak hulle opdrag is nie net in die formele godsdiensonderrig of Bybelles nie maar in elke vak en onderwerp wat hulle doseer, ja selfs in die skoolorganisasie, die sportaktiwiteite en die verenigingslewe van die skool. Dit kom dus neer op positief Christelike opleidingsinrigtings, waar die aspirantonderwyser kan leer hoe om die wetenskap te sien in die lig van God se openbaring, daardie wetenskap wat hy in vereenvoudigde en elementêre vorm aan die kinders moet leer, waarvan hy die fondamente moet lê vir latere uitbouing. Hoe kan hy ooit Natuurkennis aan kinders leer sodat hulle die ander boek van God se openbaring kan lees en waardeer, as hy self die natuurwetenskappe geleer sien het vanuit 'n ewolusionistiese oogpunt? Of die Geskiedenis of die Lettterkunde of enige vak? Wat help dit op slot van sake as hy oorlaai is met 'n menigte tegnieke hoe om by die belangstelling van die kind aan te sluit of hoe om die dinge aanskoulik en konkreet voor te stel of hoe om dissipline te handhaaf, as hy tog al hierdie dinge met 'n verkeerde doel en tot bereiking van minderwaardige uitkomste aanwend?

As ons opleidingsinrigtings nie almal aan hierdie norme beantwoord nie, moet hulle hervorm word of daardie wat wel daaraan beantwoord moet ondersteun, uitgebou en uitgebrei word. En ouers moet hulle kinders daarheen stuur vir opleiding. Selfs al moet ons in die proses geldelike offers bring t.o.v. die opleiding van ons eie kinders en ook t.o.v. die opleiding van ons broer s'n, dan is dit nog geld wat goed bestee is en wat onskatbaar hoë diwidende sal afwerp. Laat ons eens en vir altyd besef dat geen wetgewing alleen die regte toestand kan skep nie terwyl ons passiewe deelgenote aan die seëninge is.

B. C. SCHUTTE.

P.U. vir C.H.O.